Huisvesting in ’n vyandige wêreld

Teks: Handelinge 17: 1 - 15
Teksvers: Handelinge 17: 6 - 7

1. Inleiding

Ons almal weet vandag dat wanneer ’n mens huisvesting gee aan ’n voorvlugtigende krimineel, vervolging en straf ook jou deel kan word. Selfs wanneer die persoon waaraan jy huisvesting gee nog nie in hegtenis geneem en vervolg is nie, is daar ’n mate van skuld aan die persoon se kant wat aan hom/haar hulpbronne vir oorlewing ens. verskaf.

Dit bring ’n mens dan by die tweede saak wat ook so belangrik is in die Christelike geloof. Dit is natuurlik gasvryheid. Om juis aan mense kos en huisvesting te gee, sonder enige oordeel van jou kant af. Of ten minste sonder die oordeel op die uiterlike. Hebreeus 13: 2 lees mos: “[2]Moenie nalaat om gasvry te wees nie, want deur gasvry te wees, het sommige mense sonder dat hulle dit geweet het, engele as gaste gehuisves.”

Maar dan is daar aan die ander kant ook die belangrike waarskuwing in 1 Korinthiërs 15:33 oor Slegte geselskap wat goeie sedes bederf. En om dinge dan net nog so biejtie meer ingewikkeld te maak, is vanoggend ook ’n losmaking en afskeidspreek geleentheid. Derhalwe kan ons natuurlik nie anders as om ook oor die bedienaar van die Woord te praat nie. En dit is dan hierdie besondere karakter van die versorging van iemand wat die Woord van die Here verkondig wat ook sentraal staan in ons prediking vandag.

Kom ons gaan hoor wat gebeur met Jason in Handelinge 17 as gevolg van die huisvesting wat hy aan Paulus en Silas in Tessalonika veskaf het. Want in lyn van niks nuuts onder die son nie, staar die kerk van die Here steeds dieselfde uitdagings in die gesig vandag.

2. Welkom in my huis

Ons teksgedeelte begin waar Paulus op sy tweede sendingsreis die kerk vestig in Tessalonika. Paulus en sy medewerkers gebruik hulle ou geykte manier van woordverkondiging. Ons lees dat hulle 3 sabbatte na mekaar in die Joodse Sinagoge die evangelie verkondig en verdedig. Wat ons natuurlik moet verstaan is dat die evangelie nie baie gewild was op daardie stadium, in die bekende wêreld nie.

En ongewild is nog ligtelik gestel, wanneer dit by die Sinagoge vol ortodokse Jode kom. Want die evangelie is steeds dit wat ons nog vandag ken. Dit is die woorde wat Petrus en Johannes al aan die joodse raad verkondig het in Handelinge 4:10 “dié Jesus vir wie julle gekruisig het, maar wat God uit die dood opgewek het”. Uiteraard kan ons dink dat hierdie groep ortodokse jode nie uit hulle eie opgewonde sou wees oor hierdie boodskap nie. En dit is uiteindelik ook hulle misnoë wat tot uiterste optrede lei, wat ons later in ons teksgedeelte geopenbaar sien.

Maar dan sien ons ook dadelik die werking van die Heilige Gees. Volgens vers 4 raak party van die jode, ’n groot aantal grieke en selfs ’n getal vooraanstaande vroue oortuig dat Paulus-hulle se woorde die waarheid is. En dit lei ons uiteindelik na die huis van Jason. Iemand wat oortuig raak van die waarheid en self, meer wil doen vir die verspreiding daarvan. Hy bied praktiese hulp aan in die vorm van huisvesting.

Want net soos vandag was die voortdurende verblyf in ’n herberg of gastehuis, natuurlik baie duur. Juis daarom, sien ons nog vandag dat mense gratis huisvesting nie van die hand wys nie. Hierdie gasvryhied en interaksie tussen in spesifieke gemeenskap het dan ook die evangelie verder help versprei in die onmiddelike omgewing. En juis daarom is ons as kerk vandag nog oortuig daarvan dat die bedienaar van die Woord, juis tussen die gemeenskap van die gelowiges moet woon.

3. Die koning van die huis word verkondig

Hierdie invloed wat soos suurdeeg deur die huishouding werk, is ook duidelik sigbaar in die gebeure in ons teksgedeelte vanoggend. Dit werk ook vir die huishouding van Jason, soos ons leer in Lukas 10. Dit wat ons vandag ken as die dissiplesskap model. Die gadagte dat vrede oor die huis uitgespreek word, en die Heilige Gees sal dan die warm aangename omgewing skep waarin die woordbestudering en verkondiging kan groei. Dit is presies wat ook in die huis van Jason gebeur.

Maar daar is meer, en miskien is dit vir ons vreemd in vandag se samelewing, met sy verwerping van gesag. Daar is die gedagte dat ‘n huishouding of familie in geheel aan ‘n spesifieke geloofsoortuiging gekoppel is. Vir ons as kerk van die Here is dit natuurlik nie vreemd nie. Ons leer immers God die Vader, al vanuit die Ou testament ken as die Verbodsgod, wat bemoeienis maak tot in die duisendste geslag.

Hierdie gedagte is ook nie vreemd in die Nuwe Testament nie. Van Petrus se belangrike uitspraak in Handelinge 2:39: “[39]Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep” tot die verskeie bekerings en doopgeleenthede van volledige huisgesinne. Bybelse oortuigings wat vandag nog ons oortuigings oor die sakrament van die heilige doop bepaal.

Maar ons sien dit word nog verder geneem in ons tekvers, in vers 6 word Jason se huismense saam met ander mense voor die stadsbestuur gesleep. Daar word hulle word beskuldig as die mense wat die hele wêreld in bereoering bring. Wat ’n voorreg is die nie, om so nou en persoonlik verbind te wees aan die evangelie nie. So naby dat jy en jou huismense as een gereken word, met die boodskap wat die kerk van die Here uitdra en verkondig.

4. ’n Noue ontkoming

Maar die fout wat die wêreld en natuurlik onssself dikwels maak, is om in die glans van gelowig wees vas te kyk. Om te dink dat die Christelike geloof vir ’n mens eenvoudige ’n voorspoedige gesonde lewe verseker. Natuurlik is die die dwaalleer boodskap wat vandag wyd verkonig word. Maar hierdie groepie gelowiges in die begin van die vestiging van die kerk, ervaar dit anders. Dit neem nie lank vir hulle om in die kriminele oortreding waarna ons in die begin verwys het, te verval nie. Hulle word sommer kort nadat hulle tot geloog gekom het gearresteer.

Dit moet eintlik geen verrassing wees nie. Jesus se immers self in Johannes 15:20: “[20]Onthou wat Ek vir julle gesê het: ’n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie. As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg. As hulle my woorde ter harte geneem het, sal hulle julle s’n ook ter harte neem.” Daarom was dit juis ook nie vir Jason en sy mense ’n verrassing nie. Hulle het verstaan dat hulle verbintenis aan die waarheid hulle besonder ongewild gaan maak, in die gemeenskap rondom hulle.

Ook vir ons moet dit vandag geen verassing wees nie. Die wêreld staan ook maar vyandig teenoor die kerk. Deur die eeue is baie gelowiges vervolg en voor die regsbank gesleep vir hulle geloof. En alhoewel dit vandag genadiglik nog nie ’n kriminele oorteding is om die Christelike geloof uit te leef nie, is dit verseker ongewild in die grootste deel van ons samelewing vandag. Ons leef in ’n tyd waar die bekende uitroep van Joshua nie meer gewild is nie: “ Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien”. Ons leef in wêreld waar die kerk van die Here selfs deur haar eie lidmate vervolg word, in lou en dikwels koue entoesiasme en ywer.

5. Slot

Ons kan vandag hierdie preek afsluit met die volgende paar gedagtes. Ons het gesien dat dit selfs al die begin van die Nuwe Testamentiese kerk gevaarlik was om oortuig jou geloof uit te leef. Dit was ook gevaarlik om ’n assosiasie te maak met mense wat ywerig en aktief die evangelie verkondig. Vir Jason en sy huisgesin, eindig dit voor die regsbank. Maar dit is hier waar die afskeidspreek gedagte vanoggend in kom.

Ek is as bedienaar van die Woord is besonders dankbaar vir die geleentheid om in hierdie gemeente die Woord te kon bedien vir amper 10 jaar. Om die voorreg en platvorm te kom hê om die evangelie te verkondig. Om prakties en natuurlik geestelik en figuurlik huisvesting te kom ontvang van die Gereformeerde Kerk Phalaborwa. Huisvesting wat aangewend kon word tot verkondiging van die evangelie.

En dit is ook my wens en vertroue vir die toekoms. Dat hierdie kerk van die Here altyd gereed sal staan om hierdie huisvesting en ondersteuning aan die verkondiging van die evangelie te kan gee. Natuurlik sal dit nie sonder teenstand van die bose wees nie. Die ontkoming van beperkte hulpbronne en die gebrek aan entoesiasme en ywer, sal die noue ontkomings wees wat hierdie huisgesin van die Here ook moet ontbeer.

Soos ons gesien sal hierdie noue ontkomings dikwels die reslultaat wees van die verkondiging of ten minste die ondersteuning van die verkondiging van die waarheid. Maar ons weet dat ons hemelse Vader ons so lief gehad het, dat Hy Sy eniggebore Seun

gestuur het, om ons te verlos aan die kruis. En ons weet dat die Heilige Gees hierdie waarheid in ons bevestig, maar ons ook aanspoor en aanmoedig om dit so ver as moontlik te verkondig en te versprei. Huisvesting vir die waarheid van die evangelie kan lewensgevaarlik wees, maar dit is ook lewensnoodsaaklik.

Amen